GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2019

10022

AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

TYD: 2 uur

PUNTE: 70

36 bladsye

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

10022A

X05

b.o.

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal)
Vraestel 2

TYD: 2 uur

PUNTE: 70

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. *Kringe in 'n bos*	35	**4**
2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom*	35	**8**
3. *Meeulanders*	35	**Nie getoets in Gauteng nie**
4. *Lien se lankstaanskoene*	35	**12**

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
5. *Poppie – die drama*	35	**16**
6. *Paljas*	35	**20**
7. *Fiela se kind – die drama*	35	**24**

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord ALBEI vrae.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
8.1 "Die weldoener"	18	**29**
	EN	
8.2 "Van Precious: 'n Buisie salf"	17	**31**

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord ALBEI vrae.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
9.1 "Palimpses"	18	**33**
	EN	
9.2 "Boekmerk"	17	**35**

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

"Maar ek het net twee koeëls!" skiet hoop die ou man binne. "En niemand in hierdie bos sal vir jou 'n enkelte koeël bysit nie, hulle sal jou nie help nie, baas Saul."

"Twee koeëls is genoeg. Het jy kruit?"

"Dit lyk vir my die rykmanslewe het jou kop saf gemaak!" … "Lyk vir my jy vergeet lat Oupoot *Oupoot* is! Lat al die slim van al die olifante …" Hy bly stil en staan 'n oomblik verbyster.

***

"Gaan baas Saul met hierdie skip saam weg?" Dit was 'n versigtige, agterdogtige vraag.

"Ja."

"Ver?"

"Baie ver." Hy het sy oë oorkant die meer teen die swart-groen koppe gehou. Die inkomende gety het 'n swerm modderlopers uit 'n sandbaaitjie opgejaag … Maar hy sou nie omdraai voordat hy nie elke moontlike teken van emosie onder beheer had nie.

"Hulle sê dis Oupoot wat dit gedoen het."

Dit was of 'n tweede hou hom tref. Sy eerste gedagte was dat dit 'n slim set van die ou man was en hy het die waarheid in sy oë gesoek toe hy omdraai.

1.1 "Maar ek het net twee koeëls!" (Reël 1)

1.1.1 Wie is die 'ek' in die aanhaling? (1)

1.1.2 Waarom het die ou man Saul as 'baas' aangespreek? (1)

1.1.3 Waarom het die ou man gesê dat hy net twee koeëls het? (1)

1.2 Waarom wou Saul 'n geweer by die ou man leen? (1)

1.3 "Dit lyk vir my die rykmanslewe het jou kop saf gemaak!" (Reël 5)

Watter werk het Saul ryk gemaak? (1)

1.4 “Lat al die slim van al die olifante …” Hy bly stil en staan ’n oomblik verbyster.” (Reël 6 – 7)

1.4.1 Waarom het die spreker stilgestaan en waarom was hy verbyster? (2)

1.4.2 Watter woord het die bosmense gebruik wanneer hulle van die olifante praat? (1)

1.5 Waarom wou Saul Oupoot gaan skiet? (1)

1.6 Daar was ’n goeie verhouding tussen Saul en die bosmense.

Motiveer uit die roman waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.7 Gee TWEE feite uit die roman wat die bosmense se verhouding met Saul beskryf. (2)

1.8 “Gaan baas Saul met hierdie skip saam weg?” (Reël 8)

Op watter skip was Saul hier? (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.9) neer.

“Maar hy sou nie omdraai voordat hy nie elke moontlike teken van emosie onder beheer had nie.” (Reël 14 – 15)

Ons kan dit ’n ... noem.

A woedeuitbarsing
B liefdesverklaring
C ontkenningsmetode
D verdedigingsmeganisme (1)

1.10 “Dit was of ’n tweede hou hom tref.” (Reël 17)

1.10.1 Wat was die eerste hou wat Saul getref het? (1)

1.10.2 Die ou man het met ’n derde hou gekom.

Wat was hierdie troefkaart? (1)

1.11 Waarom glo Saul dat Oupoot nooit vir die seun se dood verantwoordelik kon wees nie? (1)

1.12 Dink jy dis moontlik dat 'n mens 'n 'dier-broer' kan hê?

Motiveer jou antwoord. (1)
[18]

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

Daar was 'n tyd toe hy wou glo dat daar tussen hom en Oupoot 'n vreemde band lê. Intussen het hy die ding met homself uitgemaak … Om jou verbeelding toe te laat om in daardie wêreld in te loop, is wegskram van werklikhede af, en voor jy weet waar jy is, sit jy vasgegroei in liegte. Soos die houtkappers ...

Nee, nie soos Oupoot nie. Oupoot het sy eie wette. Boswet. Die wet wat neergelê is deur dieselfde hand wat die dag ná die nag laat breek …

Net die mens het wetteloos hier kom intrek. Net die mens het skynbaar reg om te maak soos hy wil, te vernietig soos hy wil ... Liegte te glo soos hy wil.

En weer moet die Bos die hoogste prys betaal; hierdie keer met sy koning-olifant. Die leier van die leiers!

***

"Jou pa. Hy is nie meer op die aarde nie."

Die woorde het hulleself in sy kop herhaal voordat die werklikheid hom getref het. Joram Barnard dood? Die Bos sonder Joram Barnard? Hy het die eienaardige gevoel gekry dat een van die groot kalanders in die Bos omgekap was en dat daar êrens 'n groot oopte oorbly ...

1.13 Lees reël 1 – 5.

1.13.1 Watter TWEE kontrasterende wêrelde word in hierdie reëls teenoor mekaar gestel? (2)

1.13.2 Wat het die bosmense geglo oor die bloubokkie? (1)

1.14 Na wie verwys "dieselfde hand" in reël 7? (1)

1.15 Op watter TWEE maniere word daar beklemtoon dat Oupoot uitsonderlik is? (2)

1.16 Dink jy dis belangrik dat 'n mens die natuur se wette gehoorsaam?

Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (1.17.1 – 1.17.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.17.1 Saul se jonger broer	A Izak Barnard
1.17.2 Meubelmaker van Swellendam	B Jozef Barnard
1.17.3 Bestuurder van die mynmaatskappy	C Abraham Steyn
1.17.4 Kaptein van die boot waarmee Saul wil wegvaar	D Frank Jefferson
	E James Stopforth

(4 x 1) (4)

1.18 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

"Hy is nie meer op die aarde nie." (reël 12) is 'n voorbeeld van (eufemisme / hiperbool). (1)

1.19 "Joram Barnard dood?" (Reël 14)

1.19.1 Waarmee het Saul sy pa vergelyk? (1)

1.19.2 Hoe is Joram dood? (1)

1.19.3 Waarom het Saul gehuil? (1)

1.20 Saul het dikwels in opstand gekom teen sy pa.

Gee TWEE voorbeelde uit die roman van waar Saul teen sy pa gerebelleer het. (2)

[17]

[35]

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

Toe sy laas jaar met Beyers getrou het, het dit gelyk of sy wéér nie 'n wittebrood gaan hê nie. Daar was nie geld nie, nie met die groter huis wat gekoop moes word nie, en selfs as hulle dalk nog iewers geld in die hande kon kry, sou hulle nie weet wat om met al die kinders te maak nie. Toe bied 'n vriend van Beyers vir hulle die huis op die berg aan, heeltemal verniet, vir so lank as wat hulle dit wil hê. Vir omtrent 'n minuut, een van die langste minute in my lewe, dog ek hulle wil hê ons moet vir altyd daar gaan woon.

Beyers het die nuus vir ons aan tafel meegedeel (die slegste nuus in hierdie huis word altyd aan tafel meegedeel, gewoonlik terwyl ons sop eet) en toe begin almal gelyk gil en skreeu.

Ek wil nie soos Josef op 'n berg gaan sit nie! Dit was Moses wat op die berg gesit het! Ek sal 'n eetstaking hou! Ha-ha, jy kla elke halfuur jy's honger! Nou maar dan kan *jy* 'n eetstaking hou! *Ek* wil nie 'n eetstaking hou nie! Ek wil nie na 'n ander skool toe gaan nie! Ek dog jy haat jou skool! Ek haat my skool maar ek sal enige ander skool nog méér haat! Ons sal almal saam 'n eetstaking hou! *Ek wil nie 'n eetstaking hou nie!*

2.1 "Toe sy laas jaar met Beyers getrou het, het dit gelyk of sy wéér nie 'n wittebrood gaan hê nie." (Reël 1 – 2)

2.1.1 Wie is die verteller in hierdie uittreksel? (1)

2.1.2 Wie is verlede jaar met Beyers getroud? (1)

2.1.3 Wat is die familieverband tussen die verteller en die persoon in Vraag 2.1.2? (1)

2.2 Die beklemtoning van "wéér" (reël 1) impliseer dat hierdie persoon al voorheen getroud was.

Verduidelik waarom die wittebrood by die vorige TWEE geleenthede nie plaasgevind het nie. (2)

2.3 Die wittebroodsvakansie gaan hulle 'n paar rand kos.

Motiveer uit die roman waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.4 "Daar was nie geld nie, nie met die groter huis wat gekoop moes word nie, …" (Reël 2 – 3)

Waarom moes die gesin 'n groter huis gekoop het? Gee TWEE feite. (2)

2.5 Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer (2.5.1 – 2.5.4) neer.

Hulle het uiteindelik 'n huis gekry, maar nie een van hulle het baie van die huis gehou nie. Die huis lyk soos 'n (2.5.1) … wat te groot vir sy skoene geword het. Die onderste verdieping het (2.5.2) … en growwe baksteenmure. Daar was selfs 'n tuinhuis wat die ma as 'n (2.5.3) … kon gebruik. Die tuin was vol (2.5.4) … en deurmekaar. (4)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

Beyers en sy vrou het besluit dat die hele gesin saam na die berghuis moes gaan omdat …

A hulle mekaar beter moes leer ken.
B dit normaal was om so iets te doen.
C hulle te veel na hulle kinders sou verlang.
D die kinders graag in die berghuis wou gaan bly. (1)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die gesin se rit na die berghuis was 'n (droomrit / nagmerrierit). (1)

2.8 "(die slegste nuus in hierdie huis word altyd aan tafel meegedeel, gewoonlik terwyl ons sop eet)" (Reël 8 – 9)

Wat is die funksie van hierdie parentese of ekstra inligting tussen hakies? Gee TWEE feite. (2)

2.9 Beyers is die verteller se stiefpa.

2.9.1 Wie was die verteller se biologiese pa? (1)

2.9.2 Watter beroep het die verteller se biologiese pa gehad? (1)

[18]

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

Toe ons eindelik in die bed klim, lank ná middernag, vra Sharon of ek darem my verjaardag geniet het.

"Hmm," antwoord ek ongeërg. "Dit was nie sleg nie."

Ek wil nou ook nie niksgewoond klink nie, nè? Maar ek glimlag so breed dat sy sweerlik my tande in die donker kan sien blink.

***

Liewe leser, daar het so baie dinge gebeur die afgelope paar dae dat ek amper van Fabienne vergeet het. Die koms van die reën, die koms van die eerste queen, die koms van die tweede queen. Die reën wat nie wil ophou nie. Steeds nie. En my verjaardag, natuurlik.

Maar dis nou nie asof my lewe skielik in 'n sprokie verander het nie. Ek is steeds vasgekeer in 'n huis met 'n lekkende dak op 'n verlate berg … En ek is steeds geïrriteer deur Margot wat nie rooivleis of koek wil eet nie, nie koffie of tee of enigiets behalwe kookwater wil drink nie, en aanmekaar kla oor hoe haar hare lyk. En oor sy nie oefening kry nie.

Vanoggend het sy darem nie weer probeer draf nie. Sy het nog een van haar glimmende eenstukpakke aangetrek, dié keer skokpienk met turkoois strepe, en 'n aërobiese klas op die sitkamervloer begin gee.

2.10 "Toe ons eindelik in die bed klim, ... vra Sharon of ek darem my verjaardag geniet het." (Reël 1 – 2)

2.10.1 Hoe oud het Hanna by die berghuis geword? (1)

2.10.2 Waarom glimlag Hanna so breed oor haar verjaardag? (Reël 4) (1)

2.10.3 Hoeveel van Hanna se vorige verjaardae het haar biologiese pa bygewoon? (1)

2.11 Tydens Hanna se verjaardag op die berg het sy geskenke van die uitgebreide familie ontvang.

Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing van die geskenk in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (2.11.1 – 2.11.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.11.1	'n Grimeerstel	A	Yann
2.11.2	'n Bundel met Shakespeare-sonette	B	Mana
2.11.3	'n Pen met 'n tiervelpatroon op die doppie	C	Gavin
2.11.4	'n Grys trui met GAP voorop in oranje letters	D	Sharon
		E	Beyers

(4 x 1) (4)

2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.12) neer.

Aan die begin van die verhaal noem Hanna die berg Bitterberg in plaas van Botterberg. Dit is omdat sy ...

A nie die naam reg gehoor het nie.
B niks van die vakansieplek geweet het nie.
C geweet het dat sy en haar broers net in die pad sou wees.
D gedink het dat dit 'n baie onaangename vakansie sou wees. (1)

2.13 Dink jy Beyers en sy vrou se plan om die gesin saam op wittebrood te neem, was 'n sukses?

Motiveer jou antwoord. (1)

2.14 Waarom het Hanna se ma vir haar die bynaam Hanna Hoekom gegee? (1)

2.15 Hoofstuk 10 begin met die woorde "Liewe leser, daar het so baie dinge gebeur die afgelope paar dae …" (Reël 6)

Waarom is die titel van hoofstuk 10 "Die lewe is 'n verhoog"? (1)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die aanhaling, "... die koms van die tweede queen." (reël 8) verwys die tweede queen na (Gavin / Margot). (1)

2.17 Waarom word die woord "steeds" (reël 11 – 12) herhaal? (1)

2.18 Dink jy Hanna se ma het haar tog onvoorwaardelik liefgehad?

Motiveer jou antwoord. (1)

2.19 Hanna se ma was 'n kunstenaar, maar sy was ook 'n goeie ma.

Noem TWEE dinge wat bewys dat Hanna se ma wel goed vir haar gesin gesorg het. (2)

2.20 Watter belangrike les kan jy uit Hanna se lewensverhaal leer? (1)

[17]
[35]

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

Toe Lien amper by die deur is, roep juffrou Breytenbach haar terug. "Lien, het jy 'n minuut?" Sy beduie met haar hand dat Lien moet sit.

Lien verstyf. Haar eerste reaksie is om te maak dat sy wegkom. Sy kan nie dink wat tot dié onverwagse oudiënsie aanleiding gegee het nie. Haar punte is nie wonderlik nie, maar sy kom tog deur. Sy gaan sit ongemaklik by een van die voorste banke, maar 'n hele entjie weg van die juffrou.

Juffrou Breytenbach pak 'n paar dokumente op 'n hoop. Dit lyk asof sy na woorde soek. Sy haal haar John Lennon-brilletjie af en sit dit op die hopie dokumente voor haar op die lessenaar neer. Sy vou haar hande en kyk reguit na Lien.

"Ek wou al lankal bietjie met jou praat." Sy sit weer haar brilletjie op. "Waarom is jy so kwaad vir ons?" vra sy ernstig.

Die wind is heeltemal uit Lien se seile gehaal. "Juffrou?" vra sy verbaas.

"Ek ken nie jou agtergrond nie en ek weet ook nie wat by julle huis gebeur nie, maar dit is vir my duidelik dat jy vir iets of iemand baie kwaad is. En dis nie regverdig dat jy dit op ons uithaal nie. Jy is nou meer as 'n jaar hier en steeds maak jy nie vriende nie. Dis asof jy nie wíl nie. Jy ontwyk alle buitemuurse aktiwiteite en as jy aan iets móét deelneem, is dit duidelik 'n halfhartige poging."

4.1 Waarom het juffrou Breytenbach se vraag Lien verras? (Reël 11 – 13) (1)

4.2 Lien het geen vriende nie.

Motiveer uit die roman waarom die stelling ONWAAR is. (1)

4.3 Wie is die persoon wat na die gesin omsien en ook vir Lien werk kry? (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

Lien het hierdie dag na skool koers oor die besige straat gevat omdat …

A sy vinnig by die huis wou kom.
B sy net van Wouter af wou wegkom.
C Wouter gesê het dat sy Lientjie Lieflik is.
D juffrou Breytenbach met haar gepraat het. (1)

4.5 Kies elke keer die naam uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.5.1 – 4.5.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.5.1 "Village Idiot"	A Braam
4.5.2 Die "Garden of Evil"	B Wouter
4.5.3 "Afrika is wreed, hier's leeus!"	C Christiaan
4.5.4 Het deesdae gereeld 'n "runny tummy"	D Lien se ma
	E Malie se koffiewinkel

(4 x 1) (4)

4.6 Lien probeer oplossings vind om die gesin te onderhou.

4.6.1 Waar kry Lien die eerste keer werk? (1)

4.6.2 Waarom kon Lien se ma die gesin nie werklik onderhou nie? (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien het besluit om na die oudisie toe te gaan omdat sy Wouter wou (beïndruk / uitdaag). (1)

4.8 Waarom, dink jy, was juffrou Breytenbach ongemaklik om met Lien te praat? (1)

4.9 Voltooi die sin hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (4.9.1 – 4.9.2) neer.

Lien se ma kan moontlik haar werk (4.9.1) … as gevolg van haar probleem met (4.9.2) … (2)

4.10 Braam was lui en het nie vir Lien gehelp met die huishouding nie.

Gee TWEE feite om bogenoemde stelling te bewys. (2)

4.11 Tannie Bets het 'n belangrike rol in die gesin se lewe gespeel.

Noem EEN ding wat sy vir die gesin gedoen het. (1)

[17]

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS F

Die bus stop voor ’n vreemde, kleinerige sentrum wat sy nie ken nie. Hulle het al hier verbygery, maar sy was nog nooit binne nie. Sy klim huiwerig af, oorweeg dit om terug te klim en verder te ry totdat die bus weer voor die bekende sentrum naby hulle huis stop. Sy staan ’n rukkie met haar een voet in die bus en een buite die bus.

“Wil jy af of nie?” vra die vrou wat die bus bestuur, nie onvriendelik nie, net bietjie ongeduldig.

Lien huiwer. Sy kan nog omdraai …

Sy klim af.

Stadig stap sy in die rigting van die besige kruising oorkant die sentrum. Sy kyk na die onvriendelike mense wat vinnig by haar verbyjaag sonder om in haar rigting te kyk. Haastig. Doelgerig op pad. Almal lyk so onvriendelik, scary, in control, nie tyd vir onnodige dingetjies nie. Sy voel skielik bang vir al die vreemde gesigte.

Die besige kruising kom nader. Dit voel asof die hele wêreld vir haar kyk. Die pruik laat haar kopvel jeuk en die brilletjie wil kort-kort afval. Dis omdat sy so sweet, hoekom weet sy nie, want dit is nie eintlik warm nie. Sy gaan staan op die sypaadjie, ’n tree van die verkeerslig af, so na as moontlik aan die straat.

***

… ’n Krom vroutjie met baie plooie, bruin gebrand deur die son, kom vinnig oor die kruising op haar afgestap.

4.12 Waarom kies Lien ’n vreemde, kleinerige sentrum om van die bus af te klim? (1)

4.13 “Wil jy af of nie?” vra die vrou wat die bus bestuur ...” (Reël 6)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie aanhaling kan ’n mens aflei dat Lien (verward / ywerig) is oor dit wat sy gaan doen. (1)

4.14 Na watter TWEE afhanklikes verwys Lien op haar plakkaat? (2)

4.15 “’n Krom vroutjie met baie plooie, bruin gebrand deur die son, kom vinnig oor die kruising op haar afgestap.” (Reël 19 – 20)

4.15.1 Waarom baklei hierdie vroutjie met Lien? (1)

4.15.2 Wat is die vroutjie se naam? (1)

4.15.3 Waar moes Lien volgens die vroutjie gaan staan? (1)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.16) neer.

Die ding wat die meeste ongemak gedurende die eerste dag vir Lien veroorsaak het, was die …

A warm pruik en die rok.
B skoene wat sy aangehad het.
C mense saam met wie sy bedel.
D geld wat sy van die mense vat. (1)

4.17 Watter ironie vind ons in die optrede van die ou vroutjie teenoor Lien? (1)

4.18 Waarom het Tibbey 'n bloubulvlag en bloubulpetjie? (1)

4.19 Noem TWEE dinge waarvoor Lien haar geld, waarvoor sy gebedel het, wou gebruik. (2)

4.20 Dink jy dat Lien se plan om geld te bedel, suksesvol kan wees?

Motiveer jou antwoord. (1)

4.21 Verduidelik waarom die volgende karakters die hoofoorsaak van Lien se probleme is.

4.21.1 Christien Jooste (1)

4.21.2 Anton Jooste (1)

4.22 Watter talent het Christien Jooste gehad wat moontlik die gesin sou kon red uit hul situasie? (1)

4.23 Aan die einde van die roman is dit duidelik dat Lien TWEE groepe vriende gehad het.

Gebruik die opskrifte VORIGE LEWE en HUIDIGE LEWE om Lien se twee groepe vriende te beskryf. (2)

[18]

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

POPPIE (*aan Mama*). En Ouma ... en my kindjie se graftes? Wie sal vir hulle sorg?
MAMA. Waar gaan ons huis kry? (*Ad lib.*)

Almal "vries". Luister na stem oor megafoon.

STEM. Die mans kan aanbly, maar die vrouens en kinders wat leeglê, moet weggaan na waarvandaan hulle gekom het of by ander plekke gaan werk soek.
HOEDJIE. Toe word die huise aan die brand gesteek deur die munisipaliteit. Die poeliesse het eers die goed uit die huis uit gedra. Dan gee hulle die deur so 'n skop na binnetoe en dan word die mêtjie getrek.
MOSIE. Die kinders en almal staan kyk na die goed wat uitgedra is en na die huis wat brand. (*Die hele groep kyk na 'n huis wat brand.)*
POPPIE. Toe die wet nou sterk word dat die Xhosa-mense moet uitgeroei word uit die dorpe uit, toe hulle nou baie gebrand het daar by Lambertsbaai, toe het ons ook maar begin dink aan weggaan.
STEM. Daar word op die vlakte by die Kaap 'n spesiale dorp vir die Bantoe-mense gebou, wat hulle Nyanga roep. Daarnatoe moet julle gaan.
STONE. Poppie se mama en bhuti Mbatane en Hoedjie en Plank en Mosie het in 1955 weggegaan.

Die familie draai na Poppie en Stone. Hulle waai, beweeg stadig na agter toe. Gaan staan met rûe na gehoor. Poppie en Stone bly voor.

5.1 "Die mans kan aanbly, maar die vrouens en kinders wat leeglê, moet weggaan na waarvandaan hulle gekom het of by ander plekke gaan werk soek." (Reël 5 – 7)

Watter advies sou jy die regering kon gee om 'n beter manier te gebruik wat die familieband kon behou? (1)

5.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Die kinders en almal staan kyk na die goed wat uitgedra is en na die huis wat brand." (Reël 11 – 12)

Uit bostaande stelling kan die leser aflei dat die kinders en almal (angstig / moedeloos) kyk na hulle brandende huise. (1)

5.3 Verduidelik hoekom dit noodsaaklik was dat die mense moes deelneem aan die 1960-staking. Gee TWEE feite. (2)

5.4 Bhuti Mbatane is Poppie se biologiese pa.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.5 *"Die familie draai na Poppie en Stone. Hulle waai, beweeg stadig na agter toe. Gaan staan met rûe na gehoor. Poppie en Stone bly voor.*" (Reël 20 – 21)

5.5.1 Hoekom het Poppie besluit om agter te bly en nie saam met haar ma-hulle te gaan nie? (1)

5.5.2 Noem DRIE redes hoekom Poppie gedink het dat Stone aantreklik was. (3)

5.6 Pas die rolspeler uit KOLOM B by elkeen se rol in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.6.1 – 5.6.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.6.1	Antagonis	A	Jakkie
5.6.2	Tritagonis	B	Poppie
5.6.3	Protagonis	C	Hoedjie
5.6.4	Newekarakter	D	Mbatane
		E	Regering

(4 x 1) (4)

5.7 "Toe die wet nou sterk word …" (Reël 13)

Na watter wet verwys Poppie? (1)

5.8 Wie sou jy kies as jy tussen jou familie en jou man of vrou moes kies?

Motiveer jou antwoord. (1)

5.9 Vergelyk die verskillende redes waarom die mense se huise aan die brand gesteek is.

5.9.1 Waarom het die munisipaliteit die huise afgebrand? (Reël 8) (1)

5.9.2 Waarom het die kinders teen die einde van die drama die huise aan die brand gesteek? (1)

[17]

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS H

STONE. Ek gaan saam met haar terug. Eers met die bus van Nyanga na Claremont, dan met die trein na Wynberg, dan met die bus na Constansie. Ons wag ieder keer lank, maar dit gee ons kans om te praat met mekaar, soos ons nie by die huis kon praat nie. (*Aan Poppie.*) Jy moet nou stilbly. Ek het my permit gekry.
POPPIE. Hoe't jy dit gekry?
STONE. Ek het kontrak gevat.
POPPIE. Ja, ek weet. Die dairies in Philippi. Dis die kontrak wat jy vat as jy niks anders kan kry nie. Maar die werk is swaar. Hoe gaan jy dit hou? Die mense sê dat hulle vingers seer word en opswel en die kliere onder die arms swel.
STONE. Maar dis naby die huis. Ek kan met die voet loop. Ons begin vieruur in die oggend melk, en ons melk tot twee-uur. As die melkkanne terugkom, begin ons die kanne was. Maar ek is vyfuur terug by die huis. (*Hy was nors, nou word hy aggressief.*) Dis vroeër as wat jy klaarkry.
POPPIE. Ja, maar jy begin vieruur in die oggend.
STONE. En jy dan?
POPPIE. Sesuur.
STONE. Tot neënuur in die aand!
POPPIE. Dis nie dieselfde ding nie. (*Skud haar kop.*)
STONE. Daar was nie ander werk nie. Omdat ek die kontrak gevat het, sal ek 'n erf kry en vir ons 'n huis daarop bou.
POPPIE. En hoe lank sal dit nog vat …
STONE. Hoe lank sal dit vat as ek nie kontrak gevat het nie?

5.10 "... dit gee ons kans om te praat met mekaar, ..." (Reël 3)

Hoekom het Stone dié tyd saam met Poppie waardeer? (1)

5.11 Sou jy, soos Stone, die werk by die dairies aanvaar het?

Motiveer jou antwoord. (1)

5.12 Verduidelik die ironie met betrekking tot Stone se kontrakwerk by die dairies. (2)

5.13 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.13) neer.

Die positiewe uitkoms van Stone se kontrak was dat Stone …

A langer ure gewerk het.
B blyplek by die dairies sou kry.
C sy gesondheid in gevaar kon stel.
D se werkloosheidsprobleem opgelos was. (1)

5.14 Pas die karakter uit KOLOM B by die aanhaling in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.14.1 – 5.14.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.14.1	"Jy moet papiere kry, Sisi."	A	Mama
5.14.2	"Ons sal in vrede saamleef, Mama."	B	Stone
5.14.3	"Enige oomblik kan die poeliesse my voorkeer."	C	Hoedjie
		D	Poppie
5.14.4	"Hy wag al vir jou vandat hy uit die werk gekom het."	E	Pasbeampte

(4 x 1) (4)

5.15 Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer (5.15.1 – 5.15.3) neer.

Na Stone se afsterwe het Poppie tot die Here gebid dat Hy Stone 5.15.1 ..., want hy het na die 5.15.2 ... toe gegaan, daarom is hy dood. Stone se afsterwe was 'n 5.15.3 ... vir Poppie. (3)

5.16 Die paswet en permit het net die vrouens geaffekteer.

Gee 'n rede waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.17 "Ek het kontrak gevat." (Reël 7)

5.17.1 Na watter kontrak word daar verwys? (1)

5.17.2 Was Stone tevrede met die kontrak wat hy gevat het?

Motiveer jou antwoord. (2)

5.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Poppie was (verlig / ontsteld) dat Stone die werk by die dairies gevat het. (1)

5.19 Hoe het die paswet Stone en Poppie se huwelik geaffekteer? (1)

[18]

[35]

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

EMMA: Wat is dit, Willem? (*Katrien frons vir Emma. Maar nou is Emma se oë vasgenael op Willem – nie verwytend nie, eerder vraend. Dis of sy nou iets van sy kant af aanvoel.)* Jy kan maar sê …
KATRIEN: Toe nou, julle twee.

Willem stoot sy stoel terug; hy staan op en loop om die tafel; hy gaan staan naby Emma met 'n vae, effense selfbewuste glimlag.

EMMA: Ja? (*Hy loop tot by die klavier, lig die deksel op, haal die lappie af en draai dan om na Emma toe.*) Wat, Willem?
WILLEM: … Speel.

Hendrik, sy hand halfpad na sy mond toe met 'n sny brood, laat die brood sak.
Katrien sit die bord neer wat sy pas opgetel het.
Nollie kyk vir Emma, vir Willem, vir Emma.
Emma sit net lam vir Willem en kyk.
Willem kom terug na haar toe en vat haar hand. Sy staan op en loop agter hom aan tot by die klavier. Sy gaan sit. Kyk net vir die klawers.

EMMA (*ná 'n rukkie*): Ek kan nie. (*Sy kyk vir Willem wat amper teen haar staan.*)
Ek … kan nie meer nie.

Willem lig sy hand stadig op en bring dit tot by 'n klawer. En druk dit baie versigtig. Die noot hang huiwerig in die vertrek.
Ná 'n rukkie lig Emma haar hand op en druk 'n ander noot. Sy kyk vir hom, en hy knik en glimlag.

WILLEM: Speel, Emma.

6.1 Wie het vir Emma leer klavier speel? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.2) neer.

"*Katrien frons vir Emma.*" (Reël 1)

Uit Katrien se optrede kan 'n mens aflei dat sy nie …

A wou hê dat die gesin in stilte moes eet nie.
B gewoond daaraan was dat Emma praat nie.
C oor Willem se vreemde gedrag wou praat nie.
D wou hê dat Emma en Willem moes baklei nie. (1)

6.3 "*Dis of sy nou iets van sy kant af aanvoel.*" (Reël 2 – 3)

6.3.1 Waarom was Willem vroeër daardie dag baie ontsteld? (1)

6.3.2 Hoe moes die gesin, volgens Katrien, optree toe Willem by die etenstafel kom sit? (1)

6.4 In hierdie uittreksel praat Willem vir die eerste keer in byna twee jaar.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wanneer Emma weer begin klavier speel, is dit 'n aanduiding dat die gesin begin (ontspan / kommunikeer). (1)

6.6 "Hendrik, sy hand halfpad na sy mond toe met 'n sny brood, laat die brood sak." (Reël 10 – 11)

Noem DRIE maniere waarop Hendrik probeer het om Willem te laat praat. (3)

6.7 Waarom, dink jy, het Willem ophou praat? (1)

6.8 Die dorpsmense het baie skinderstories oor Willem vertel. Dink jy die stories was waar?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.9 Wat was die naam van die persoon wat met die stories oor Willem begin het? (1)

6.10 Ná hierdie insident het omstandighede vir die McDonalds begin verander.

Kies die karakter uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A – E) langs die vraagnommers (6.10.1 – 6.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.10.1	Hierdie karakter se selfvertroue het verbeter.	A	Katrien
6.10.2	Hierdie karakter het weer naaldwerk begin doen.	B	Willem
6.10.3	Hierdie karakter se verhouding met Emma het verbeter.	C	Manuel
		D	Hendrik
6.10.4	Hierdie karakter het begin om dinge by die huis reg te maak.	E	Nollie

(4 x 1) (4)

6.11 "Speel, Emma." (Reël 23)

6.11.1 Wat het die gesin gedoen toe Emma begin klavier speel? (1)

6.11.2 Hierdie optrede van die gesin reflekteer hoe die verhouding tussen die McDonald-gesin begin verander het.

Hoe het die verhouding tussen die McDonald-gesin begin verander? (1)
[18]

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS J

120. Die jagters bars by die huis se agterdeur in. In 'n montage sien 'n mens hoe hulle van vertrek tot vertrek beweeg, kaste ooppluk en deure oopstamp en soek, woordeloos en natgesweet en verbete.
Emma staan vreesbevange langs die klavier en wag vir die lawaai wat al nader kom. Twee, drie van die mans kom binne en steek vas wanneer hulle haar sien.
Dis Thys Briekman wat praat.

THYS: Waar's hy? (*Sy is te verskrik om 'n woord uit te kry.*) Ek vra jou!
EMMA: Wie?
THYS: Die clown. (*Sy weet nie waarvan hy praat nie. Hy druk sy gesig teen hare.*) Is jou tong ook afgesny?

Hy stamp haar dat sy op die klawers gaan sit. Hulle gaan uit die vertrek. Die natrilling van dertig note wat gelyk gedruk is bly hang in die vertrek.

121. Willem klim uit 'n ou motorwrak en hardloop oor 'n oop stuk veld.

122. Vier of wat van die ander jagters hardloop almal na 'n bakkie toe en spring in en ry. Op die agtergrond hardloop die nar met die fiets. Hy sien hulle pyl met mening op hom af; hy gooi die fiets weg, swaai om en hardloop in 'n ander rigting.

123. Willem hardloop koes-koes tussen die bome. En dit lyk soos dieselfde stuk veld.

124. Die bakkie rem woes; almal spring uit en lê aan met die gewere.
'n Paar skote klap gelyk.

PIETA: Vuilgoed!
JAN MOL: Ek het hom!
PIETA: As jy my vra, was dit 'n kopskoot.
JAN MOL: Toe maar, ons het Dominee aan ons kant.

6.12 "Die jagters bars by die huis se agterdeur in." (Reël 1)

Gee TWEE redes waarom die jagters se gedrag onaanvaarbaar was. (2)

6.13 Die klimaks van hierdie drama is wanneer Jan Mol vir Manuel skiet.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (6.13.1 – 6.13.4) neer.

Nadat (6.13.1) … by die McDonalds huisbesoek kom doen het om oor (6.13.2) … se vreemde gedrag te kom praat, het (6.13.3) … besluit om kerk toe te gaan. Daardie middag het die (6.13.4) … onverwags by die McDonalds se huis opgedaag. (4)

6.14 Hoe weet ons dat die jagters gekom het met die doel om die "clown" (reël 10) te skiet? (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Willem klim uit 'n ou motorwrak en hardloop oor 'n oop stuk veld." (Reël 14)

Die jagters kon daardie middag per ongeluk vir Willem geskiet het, omdat hy (dieselfde narrepak as Manuel aangehad het / in hulle pad was). (1)

6.16 Hoekom het die nar 'n "fiets" (reël 16 – 17) by hom gehad? (1)

6.17 "As jy my vra, was dit 'n kopskoot." (Reël 25)

Noem die TWEE plekke waar Manuel as gevolg van die skietery gewond was. (2)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.18) neer.

"Toe maar, ons het Dominee aan ons kant." (Reël 26)

Hierdie woorde beklemtoon die groot ... van die kerk.

A invloed
B vertroue
C opoffering
D versoening (1)

6.19 Die dorpsmense se houding teenoor die McDonalds verskil in hierdie uittreksel van hulle houding teenoor die McDonalds aan die einde van die drama.

Dui die verskil aan. (2)

6.20 'n Mens kan sê dat Manuel ook die gemeenskap positief beïnvloed het.

Hoe sluit hierdie stelling by die titel van die drama aan? (1)

6.21 Waarom, dink jy, het Manuel besluit om terug te gaan sirkus toe? (1)

6.22 As Willem jóú jonger broer was, watter raad sou jy hom gegee het oor hoe om vriende by die skool te maak? (1)

[17]

[35]

VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

LUKAS: Sal jy my wys om daar te kom?

NINA: Die geheim wat ek jou wil wys, is op pad daarheen. Miskien kan ons tot in Kom-se-bos se sleeppad hardloop. Om van daar af by die hardepad by Diepwalle te kom sonder verdwaal, is niks.

LUKAS: Waar is die olifante?

NINA: Ek weet nie. Kom!

LUKAS: Sal hulle ons nie jaag nie?

NINA: Sorg net dat jy 'n dik boom kies om te klim.

LUKAS (*op band as volwassene*): Ek het haar nie vertrou nie. Sy't my slaaphemp as 'n rok gedra. Dit was bondels te groot vir haar en het tot onder haar knieë gehang. Haar voete was so rats soos 'n klipbok s'n. Sy het al vinniger geloop.

NINA: Trap kant langs, dis glad tot onder.

LUKAS: Waarheen gaan ons?

NINA: Onder na die bosspruit toe.

LUKAS: Hoe ver is ons van die pad wat Lange Kloof toe gaan?

NINA: Ver. Kom!

NINA *gly en val. Hemp vol modder.*

LUKAS: Kyk hoe lyk my slaaphemp nou! Hoe dink jy moet my ma weer die hemp skoon kry?

NINA: Ma sal hom maklik skoon kry.

LUKAS: Ek praat van my ma.

7.1 Wat was die “geheim” (reël 2) wat Nina vir Lukas wou gaan wys? (1)

7.2 Hoekom het Nina op hierdie tydstip in die drama die Bos beter as Lukas geken? (1)

7.3 “Waar is die olifante?” (Reël 5)

Hoe weet die leser uit hierdie vraag dat Lukas nie in die Bos grootgeword het nie? (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas het vir Nina gevra om hom te help om uit die bos te kom, omdat (Nina op pad dorp toe was / Willem en Kristoffel te besig was). (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.5) neer.

“Ek het haar nie vertrou nie.” (Reël 9)

Lukas se gedagtes is ironies, omdat dit juis Nina is wat later sy … geword het.

A biologiese suster
B goeie vertroueling
C betroubare mentor
D moeilike teenstander (1)

7.6 Noem DRIE ooreenkomste tussen die karakters van Nina en Lukas. (3)

7.7 Dit was Lukas se gevoelens vir Nina wat hom uiteindelik gedwing het om sy identiteit te bevraagteken.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.8 “Hoe ver is ons van die pad wat Lange Kloof toe gaan?” (Reël 16)

7.8.1 Wat was die naam van die plaas in die Lange Kloof waar Lukas ’n groot deel van sy kinderjare deurgebring het? (1)

7.8.2 Wie was die eienaar van dié plaas? Gee die person se naam en van. (1)

7.9 “Ek praat van my ma.” (Reël 22)

7.9.1 Wie het uiteindelik vir Lukas gedwing om te erken dat Nina se ma ook sý ma was? (1)

7.9.2 Waarom was dit belangrik vir dié persoon dat Lukas by hulle moes bly? (1)

7.10 Verskillende karakters het 'n invloed op Lukas se lewe gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die antwoord (A – E) langs die vraagnommers (7.10.1 – 7.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.10.1	Fiela	A	Hierdie karakter het Lukas mishandel.
7.10.2	Selling	B	Hierdie karakter het Lukas as kind leer roei.
7.10.3	Elias	C	Hierdie karakter het Lukas as 3-jarige "aangeneem".
7.10.4	Barta	D	Hierdie karakter het vir Lukas werk op 'n skip aangebied.
		E	Hierdie karakter het erken dat die uitkenning in die hof 'n leuen was.

(4 x 1) (4)

7.11 Die leser het deur die hele drama simpatie met Barta.

Hoe slaag die dramaturg daarin om dit te doen? (1)

[18]

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

NINA: Lukas! Ek het jou gesoek! (*Gooi haar arms om hom.*)

LUKAS (*op band*): Haar lyf was teen myne en ek het myne voel antwoord gee Was ek van my verstand af? (*Stoot haar weg. Sy vleg haar vingers deur syne. Hy praat gewoon.*) Waar die duiwel kom jy vandaan?

NINA: Ek soek jou al dae lank. Ek het begin glo dat jy seker maar weg is …

LUKAS: Die laaste wat ek van jou gehoor het, was by *miss* Weatherbury toe jy sommer net weer aangeloop het. Vir wat het jy dit gedoen?

NINA: Maar jy het dan gesê ek moet vir Pa loop sê jy kom nie weer terug nie. Jy het my dan gestuur. Ek het toe maar net 'n bietjie langer in die Bos gebly. Dis al.

LUKAS: Waar in die Bos?

NINA: By die ou plek. (*Los sy hand en draai haar weg*.) Dis nie meer soos eers nie, Lukas. Die mondfluitjie is vals geroes, die bottels is vuil en van die torre ingeneem – ek het hulle toe maar begrawe. Miskien gaan ek ook nie weer terug Bos toe nie.

LUKAS: Nina … (*Hy kan sy oë nie van haar weghou nie*.) Nina, jy kon nie meer as twee maande in die Bos gebly het nie. Waar was jy nog?

NINA: Ek het op die dorp gewerk. (*Met skuldige laggie*.) By die winkel waar ek die slag die mondfluitjie gesteel het. Ek werk nie meer daar nie, ek het geloop; daar kom te veel snaakse seemanne in wat nie plek het vir hul hande nie.

7.12 Deur die loop van hierdie drama ontwikkel die verhouding tussen Lukas en Nina geleidelik tot iets dieper.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (7.12.1 – 7.12.4) neer.

As kinders in die bos het Lukas en Nina baie tyd saam spandeer. Dit was eers as grootmens, toe Nina in 7.12.1 … gewerk het, dat Lukas bewus geword het van sy 7.12.2 ... vir Nina. Fiela het vir Lukas gesê dat bloed bloed sou gekeer het. Sy het ook vir hom gesê dat net Barta vir hom die 7.12.3 ... kon vertel. Nadat Lukas met Barta gaan praat het, het hy weer sy ou naam, 7.12.4 …, teruggevat. (4)

7.13 "Lukas! Ek het jou gesoek! (*Gooi haar arms om hom*.)" (Reël 1)

7.13.1 Vir wie het Lukas op hierdie stadium gewerk? (1)

7.13.2 Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Nina haar arms om Lukas gooi? (1)

7.14 Watter boodskap het Nina vir Lukas tydens hierdie gesprek gegee? (1)

7.15 Wie was *miss* Weatherbury? (1)

7.16 Noem TWEE redes waarom *miss* Weatherbury Nina in diens geneem het. (2)

7.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas se taalgebruik "waar die duiwel" (reël 4) toon dat hy gefrustreerd was omdat hy bekommerd was oor Nina se (veiligheid / geld). (1)

7.18 "Miskien gaan ek ook nie weer terug Bos toe nie." (Reël 14 – 15)

Dink jy kinders het die reg om hulle eie lewens te lei sonder hul ouers?

Verduidelik jou antwoord. (1)

7.19 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.19) neer

"Ek werk nie meer daar nie, ek het geloop; …" (Reël 19 – 20)

Hierna het Nina as 'n ... gewerk.

A bediende
B companion
C kroegmeisie
D kinderoppasser (1)

7.20 Lukas se gevoel vir Nina dwing hom uiteindelik om sy identiteit te bevraagteken.

7.20.1 Waarom het Lukas sy naam verander? (1)

7.20.2 Verduidelik waarom dié naam nie regtig 'n "nuwe" naam was nie. (1)

7.20.3 Hoe sluit hierdie naamsverandering by die titel van die drama aan? (1)

7.21 Verduidelik waarom hierdie drama vir tieners relevant is. (1)

[17]
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die kortverhale.

8.1 "DIE WELDOENER" – T.T. Cloete

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

"Ja," sê Gawie, "en toe jy goed dronk is, toe laat hulle jou in die steek. Toe het jy nie meer vriende nie. Toe loop hulle almal weg en hulle los jou hier. Laat dit vir jou 'n les wees. Hoekom doen jy so iets?"

"Groepdruk," mompel hy, "groepdruk".

"En toe die groep jou goed en klaar en katswink gedruk het, los hulle jou, voos. Laat dit vir jou 'n les wees."

Maar daar was teleurstelling by, wat hom te veel laat drink het teen die einde. Verydeling.

Gawie gaan sit op sy hurke by die seun en probeer hom helder praat. "Watse teleurstelling, watse verydeling?" vra hy.

Hy wou konservatorium toe gaan om musiek te gaan loop, want hy het gedink hy het 'n goeie stem. Hy wou so iets van 'n beroemde operaster word. Hulle het gedans, gesing en gedinges, toe het hulle hiernatoe gekom, bekend en onbekend, met die drank wat hulle oorgehou het. Van die bekendes het geweet hy wil sang gaan studeer en het dit rondvertel in die groep. Van die onbekendes het hom gevra om te sing. Onder hulle was daar party wat al op konservatorium is. Hy het gesing. In die donker het hy gehoor hoe party giggel, dalk daardie studente wat al ver gevorder is aan die konservatoruim. Toe hy klaar is, het iemand geroep: jy sing vals.

8.1.1 Beskryf die kontrasterende gebruik van die saal. (2)

8.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Gawie se werksplek is die (Werner Beck- / Marin Marais-) konservatorium. (1)

8.1.3 Gee die tema van hierdie verhaal in EEN volsin. (1)

8.1.4 Watter belangrike rol het Gawie, as 'n weldoener, in die jong man se lewe gespeel? (1)

8.1.5 Watter tegniek het die skrywer gebruik om die boodskap van die verhaal oor te dra? (1)

8.1.6 "En toe die groep jou goed en klaar katswink gedruk het, los hulle jou, voos." (Reël 5 – 6)

Watter afleiding kon die leser uit Gawie se woorde maak? (1)

8.1.7 Die jongman se vriende het gedink dat hy mooi kon sing.

Gee 'n rede hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.1.8 Noem DRIE dinge wat Gawie by die konservatorium doen.

8.1.9 Kies die plek uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (8.1.9(a) – 8.1.9(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Alles is doodstil	A	Ontspanningsaal
(b)	Naglig brand nog	B	Konservatoruim
(c)	Krakende plankvloer	C	Stranddorp
(d)	Musikante se drome nakom	D	Strandhuis
		E	Koshuis

(4 x 1) (4)

8.1.10 "Groepdruk," mompel hy, "groepdruk". (Reël 4)

(a) Verduidelik hoe groepsdruk daardie aand die jongman se gedrag beïnvloed het. (1)

(b) Hoe is die jongman se toekomsplanne deur sy pelle verpletter? (1)

8.1.11 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (8.1.11) neer.

"Laat dit vir jou 'n les wees." (Reël 6)

Met hierdie woorde suggereer Gawie dat ...

A vriende nooit betroubaar kan wees nie.
B vriende kan maak dat jy jou drome verloor.
C hy nie dinge sou doen wat hy later sou berou nie.
D alles wat ander mense oor jou dink, die waarheid is. (1)

[18]

EN

8.2 **"VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

"Hoekom?" fluister sy.

As jy so lê met die afgrond onder jou en die windverwaaide son soos 'n deurmekaar vuur bo jou, sê jy dit. "Oor my vel," sê hy. "Oor die … gemors op my gesig."

Sy draai haar kop en maak 'n geluid soos 'n hond wat in die straat raakgery is.

"'n Vel is niks nie," sê sy. "Dit kom reg … later. My broer sukkel ook. Hy smeer spiritus aan. En room. En hy was sy gesig met soutwater. Dit help vir hom. Jy kan dit probeer."

"My vel is te rou," sê hy.

"'n Mens moet vasbyt, al het jy so 'n *stupid* vel," sê sy. "'n Mens moet eers verkrag word … om te kan weet … doodgaan is beter."

"Is … jy?" vra hy oplaas.

Sy knik. "Drie maande gelede. Ek het … van die skool af gekom. Daardie dag het hulle by die skool afgekondig dat ek … een van die finaliste in hierdie kompetisie is."

Hy sit haar verdwaas en aankyk. Die hande wat sy teen haar ribbes druk, is skraal en fyn, met goedversorgde vingernaels.

"Weet jou ... ma-hulle?" vra hy.

"Niemand weet nie," sê sy.

"Dan … is hierdie ... 'n sitting van die Waarheidskommissie," sê hy. "Ons vertel … die waarheid vir mekaar. Eindelik."

Sy lig haar wenkbroue, verstaan meteens. "Sowaar," sê sy. "Miskien is dit ... goed so."

"Ek wonder ... wat die ander drie ... se ware storie is," sê hy. "Elke mens het seker sy eie ... nagmerrieverhaal?"

8.2.1 "As jy so lê met die afgrond onder jou en die windverwaaide son soos 'n deurmekaar vuur bo jou, sê jy dit." (Reël 2 – 3)

(a) Waarheen was Coenie-hulle op pad toe die ongeluk gebeur het? (1)

(b) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Coenie-hulle het per (trein / bussie) na hulle bestemming gery. (1)

8.2.2 Skryf in EEN volsin waaroor die verhaal gaan. (1)

8.2.3 Verduidelik die groot invloed wat die ongeluk op Coenie én Precious gehad het. (1)

8.2.4 Die puisies op Coenie se gesig het emosionele littekens agtergelaat.

Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

8.2.5 Kies die aanhaling uit KOLOM B wat by die naam in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs vraagnommer (8.2.5(a) – 8.2.5(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Mari	A	"Dis 'n goeie teken"
(b)	Coenie	B	"Maar ek wil dit vir jou sê!"
(c)	Vasillis	C	"Ek het dit korter gemaak,"
(d)	Willem	D	"Ek hou nie van die tema nie,"
		E	"Ag, ek wou nooit deelgeneem het nie,"

(4 x 1) (4)

8.2.6 Verduidelik waarom dit toepaslik was om die Waarheidskommissie in die verhaal te noem. (1)

8.2.7 "'n Mens moet eers verkrag word … om te kan weet … doodgaan is beter." (Reël 11 – 12)

(a) Watter afleiding kan jy maak nadat jy Precious se verhaal gelees het? (1)

(b) Watter raad sou jy kon gee aan iemand wie se menseregte geskend is? (1)

8.2.8 Wie is die ander drie leerlinge waarna Coenie in reël 25 verwys? (3)

8.2.9 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (8.2.9) neer.

Die tema van die verhaal, spieëlbeelde van onsself, beteken dat ons spieëlbeeld …

A beter as ander mense se spieëlbeeld is.
B 'n refleksie is van hoe ander mense ons sien.
C ons altyd ongelukkig maak oor ons lewensverhaal.
D ooreenstem met dit wat die buitewêreld van ons dink. (1)

8.2.10 Wat is die klimaks in die verhaal?

Motiveer jou antwoord. (1)

[17]
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 "Palimpses" – Johann de Lange

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

PALIMPSES – Johann de Lange

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

9.1.1 Wat is vir ons 'n aanduiding dat die gedig gedeeltelik 'n Engelse sonnet is? (1)

9.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die titel van die gedig dui op antieke (perkamentrolle / pulp) wat oor en oor gebruik word. (1)

9.1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (9.1.3) neer.

Die beeldspraak in reël 1 is …

A 'n metafoor.
B assonansie.
C 'n vergelyking.
D personifikasie. (1)

9.1.4 Watter ooreenkoms is daar tussen die teks op die palimpses en die boodskap wat die bome skryf? (1)

9.1.5 Wat gebeur volgens reël 5 – 7 met die bome? Noem DRIE dinge. (3)

9.1.6 Verduidelik die kontras tussen reël 1 tot 7 en reël 8. (1)

9.1.7 Die herhaling van die woord "stil" in reël 8 – 9 beklemtoon die feit dat die tikmasjien die stilte verbreek het.

Gee 'n rede waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.1.8 Voltooi die sin hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer (9.1.8(a) en 9.1.8(b)) neer.

Die digter laat die stem van die bome weer (a) ... deur die gebruik van die (b) .... (2)

9.1.9 In strofe 2 is daar 'n voorbeeld van klanknabootsing.

Skryf die klanknabootsende woord neer. (1)

9.1.10 Reël 11 – 12:

"uit selfs die <u>fynste grein</u>
die hele gamma van word"

(a) Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit strofe 2 neer wat verband hou met die onderstreepte woorde. (1)

(b) Waarna verwys "gamma van word"? (1)

9.1.11 Dui die assonansie in reël 11 aan. (1)

9.1.12 By watter ding in die natuur begin die proses van "die hele gamma van woord"? (1)

9.1.13 Na watter tipe "pyn" verwys die spreker in reël 13? (1)

9.1.14 Watter tyd van die dag begin die digter met sy werk? (Strofe 2) (1)
[18]

EN

9.2 **"Boekmerk" – Marlise Joubert**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BOEKMERK – Marlise Joubert

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
    vlak bo die waterspieël
    van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

    waarom is alles altyd ver
    waarom is alles altyd hier
    waarom moet ek leer
    van optel aftrek deel
    van dooie digters
    uit die toentertyd
    en watter land sit waar
    en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

    kom ons pars die wind
    met wange soos soldaatjies

    totdat elkeen net die geur
    van jasmyn kan boekmerk
    teen die onheil van ons
    ellelange reis

9.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies

Die titel *Boekmerk* word (konnotatief / denotatief) gebruik. (1)

9.2.2 "kinders" (Reël 1)

(a) "kinders" staan alleen in die reël. Wat word hierdie tegniek in reël 1 genoem? (1)

(b) Waarom staan "kinders" alleen in reël 1? (1)

9.2.3 Kies die aanhaling uit KOLOM B wat by die letterkundige aspek in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (9.2.3(a) – 9.2.3(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Oksimoron	A	"waar sy ook kon mor" (Reël 12)
(b)	Vergelyking	B	"met wange soos mossies" (Reël 2)
(c)	Personifikasie	C	"elke lyfie 'n seilende gesang –" (Reël 5)
(d)	Metafoor	D	"vlytig stort die druppels klank" (Reël 8)
		E	"die reuk van bittersoet jasmyn" (Reël 10)

(4 x 1) (4)

9.2.4 Die kinders is opgewonde om skool toe te gaan.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is deur EEN woord uit strofe 1 aan te haal. (1)

9.2.5 "elke lyfie 'n seilende gesang –" (Reël 5)

(a) Wat suggereer die woorde in reël 5? (1)

(b) Waarom is die gebruik van die verkleiningsvorm "lyfie" so effektief? (1)

9.2.6 Noem DRIE dinge wat die onderwyser ook as kind op skool gedoen het. (3)

9.2.7 Dink jy die houding van kinders oor skoolgaan verskil tussen lank gelede en vandag?

Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.8 Wat, volgens jou, kan 'n onderwyser doen om skoolgaan vir 'n leerder lekker te maak? Noem TWEE dinge. (2)

9.2.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (9.2.9) neer.

Die stemming in die gedig is ...

A hoopvol.
B liefdevol.
C genotvol.
D passievol. (1)

[17]
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35

TOTAAL: 70

EINDE